Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 30 MAART 2017 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)
Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Fortuin, C B (DA)
Maart, E S M (DA)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdl van der Westhuizen open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

Die raadsvergadering is bygewoon deur 'n afgevaardigde van die Kantoor van die Ouditeur-Generaal, me Stacey-lee Paulsen.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle V D McQuire, L E Mfutwane en B J Stanley.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

3.1 OORHANDIGING VAN SERTIFIKAAT AAN RDL D B PHILANDER

Die Speaker wens rdl Philander geluk met die sertifikaat behaal vir die voltooing van die kursus in konflikbestuur en versoek die Uitvoerende Burgemeester om die sertifikaat aan rdl Philander te oorhandig.

4. SAKE VIR BESPREKING

4.1 2017-2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2/1/4/4/1)

Die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) is oorweeg tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 22 Maart 2017 en bied die Speaker geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen om die item ter tafel te lê.

4.1/...

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) is die Munisipaliteit se hoof strategiese plan wat handel met die mees kritiese ontwikkelingsbehoeftes van die munisipale gebied (eksterne fokus), sowel as die mees kritiese regeringsbehoeftes van die organisasie (interne fokus).

Die bepaling ingevolge artikel 25 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsel Nr 32 van 2000 is dat elke munisipale raad binne 'n voorgeskrewe tydperk na die begin van die verkose termyn 'n strategiese plan moet aanneem. Rdh T van Essen doen 'n beroep op raadslede om gedurende die publieke deelnameproses die dokument deeglik te bestudeer en dat enige kommentaar/insette verwelkom sal word.

Die Uitvoerende Burgemeester gee 'n terugblik van die suksesse van Swartland Munisipaliteit oor die afgelope jare, onder andere die verskeie toekennings wat die Munisipaliteit ontvang het, die ses agtereenvolgende skoon oudits, doeltreffende stelsels wat geïmplementeer is ter verbetering van dienslewering en toonaangewende infrastruktuur wat geïnstalleer is. Daar word ook klem gelê op die geleenthede wat die Swartland bied, spesifiek die verbreding van die N7 en ander padinfrastruktuur.

Rdh Van Essen gee 'n oorsig van die Hoofstukke vervat in die 2017-2022 GOP, en noem dat die nuwe strategie slegs vyf strategiese doelwitte bevat, naamlik (1) Mense; (2) Ekonomie; (3) Omgewing; (4) Instellings; en (5) Dienste.

In repliek noem rdl D B Philander – onder andere – dat saam met die bevolkingsgroei, en ekonomiese inspuiting van die Swartland ervaar, baie meer klem gelê moet word om die lewensgehalte van die armes op te hef, spesiek deur te fokus op agterplaasbewoners en inwoners van informele nedersettings.

Rdl D B Philander – ondersteun deur rdh Van Essen – spreek sy misnoë uit dat met die bevolkingsgroei wat ervaar word, slegs 'n bedrag van R22 miljoen beskikbaar is vir menslike nedersettings.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat kommentaar vanaf raadslede op skrif gestel moet word vir oorweging en moontlike wysiging van die konsep GOP.

[Die ANC, by monde van rdl N S Zatu, vra toestemming vanaf die Speaker om twee minute geleentheid vir die ANC te gee om te koukus.]

Met die terugkeer van die ANC-raadslede word die aanbeveling voor die Raad deur die Speaker tot stemming gebring en (in die afwesigheid van drie raadslede) word –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

(a) Dat die konsep 2017-2022 GOP vir die Swartland munisipale gebied goedgekeur word in terme van artikel 25(1) van die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000 vir die doeleindes van die verkryging van publieke insette en kommentaar;

(b) dat die konsep GOP geadverteer word vir publieke insette en kommentaar gedurende April 2017;

(c) dat die konsep GOP by Plaaslike Bestuur, Provinsiale Tesourie, Nasionale Tesourie en die Weskus Distriksmunisipaliteit ingedien word; en

(d) dat die GOP in Mei 2017 aan die Burgemeesterskomitee en voor die einde van Mei 2017 aan die Raad voorgelê word vir finale goedkeuring.

4.2 2017/2018, 2018/2019 EN 2019/2020 KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTING VIR DOELEINDES VAN PUBLIEKE DEELNAME (5/1/1/1, 5/1/1/2)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen hou die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegrotings vir die 2017/18, 2018/19 en 2019/20 finansiële jare aan die Raad voor soos oorweeg tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 22 Maart 2017.

4.2/...

Rdh van Essen noem dat dit verblydend is om te bevestig dat die totale meerjarige begroting ‘n bedrag van R6 516 424 519.00 beloop (nasionale en provinsiale bydraes ingesluit), waarvan die kapitale begroting R2 188 854 634.00 beloop. Dit word spesifiek genoem – met dank aan die Direkteur: Finansiële Dienste – dat die bedryfsbegroting oor die volgende paar jaar baie min verhoog.

Met voormelde inaggenome, word dit beklemtoon dat die Raad te midde van moeilike ekonomiese omstandighede, poog om die diensterekening van die belastingbetaler so bekostigbaar moontlik te hou.

Nadat verdere hoogtepunte uit die begroting deur die Uitvoerende Burgemeester voorgehou is, word die volgende algemene aanbeveling ter tafel gelê:

- Aanbring van verdere spoedwalle;
- Bou van speelplekke vir kinders met spesiale verwysing na laekoste-behuisingsgebiede;
- Beleidsaanpassings om aanbring van elektroniese waterbeheermeganismes afdwingbaar te maak;
- ‘n Vergroeningsprojek vir die Swartland oor die volgende vier jaar –
    - in alle wyke met befondsing uit die wykstoekennings;
    - opvoeding aan gemeenskap om rommelstrooi te bekamp of te voorkom moet deelgemaak word van vergroeningsprojek;
    - aanplant van ‘n groot aantal bome, in oorleg met gemeenskap oor waar dit aangeplant moet word.

Rdh T van Essen sluit sy begrotingsrede af deur sy dank uit te spreek teenoor almal wat betrokke was in die begrotingsproses. Dank word spesifiek oorgedra aan die gemeenskappe van Swartland met die samewerking wat ontvang is om waterbesparings sedert die instelling van die waterbeperkings in Desember 2015 te bewerkstellig.

Rdl D B Philander noem – onder andere – die volgende in repliek op die begrotingsrede, naamlik:

- Meer druk moet vanaf Swartland Munisipaliteit toegepas word op die Departement van Onderwys om die situasie by die Naphakade Primêre Skool te beredder, andersins gaan die situasie vererger;
- Dit word as onregverdig beskou om slegs 3kl (buiten die 6kl) gratis water aan deernishuishoudings te gee. Dit moet in gedagte gehou word dat daar agterplaasstrukture is wat meer as een huishouding vestig, en die vasgestelde gratis water is onvoldoende om aan al die huishoudings te voorsien;
- Ten opsigte van spoedwalle, moet wanneer nuwe ontwikkelings beplan word, voortydig bepaal word waar spoedwalle aangebring moet word, byvoorbeeld die straat voor Naphakade Primêre Skool wat geteer moet word;
- Die benaming van kapitaalprojekte moet spesifiek wees sodat daar nie enige onduidelikheid is oor wat die projek behels nie en waar die projek plaasvind nie.

Rdl F S Humphreys hou ‘n aantal vrae voor ter opheldering van sommige kapitaalprojekte wat deur die betrokke direkteure en munisipale bestuurder beantwoord word.

Rdh T van Essen stel voor dat daar ‘n werkwinkel gehou word met alle raadslede om die konsep GOP en begroting deur te werk as deel van die publieke deelnameproses.

Die aanbevelings voor die Raad word deur die Speaker tot stemming gebring (in die afwesigheid van drie raadslede) en word –

EENPARIG BESLUIT (soos aanbeveel deur die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 22 Maart 2017)
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

(a) Dat die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2017/18 – 2019/20 finansiële jare in beginsel goedgekeur word, ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA om die publieke deelnameproses te deurloop:

Tabel/...

4.2/...

	Oorspronklike Begroting 2016/2017	**Tweede Aan-suiwerings-begroting 2016/2017**	**Oorspronklike Begroting 2017/2018**	**Oorspronklike Begroting 2018/2019**	**Oorspronklike Begroting 2019/2020**
Kapitaalbegroting	R 74 689 669	R 81 428 433	R 84 443 120	R 87 695 064	R 84 275 813
Bedryfsuitgawes	R 654 711 941	R 636 140 909	R 664 504 937	R 670 784 213	R 693 177 822
Bedryfsinkomste	R 641 914 085	R 647 894 024	R 681 697 053	R 703 068 713	R 728 180 695
Begrote Surplus/(Tekort)	(R 12 797 856)	R 11 753 115	R 17 192 117	R 32 284 500	R 35 002 873
Kapitaal Toekennings	R 34 048 649	R 35 348 649	R 34 971 450	R 37 737 000	R 23 724 000
Surplus/(Tekort)	-R 46 846 505	-R 23 595 534	- R 17 779 333	-R 5 452 500	R 11 278 873

(b) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die voorgestelde konsep elektrisiteitstariewe vir die 2017/18 finansiële jaar, met inagneming daarvan dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;

(c) Dat die konsep eindomsbelastingstariewe, tariefstrukture en heffings vir water, elektrisiteit, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **Aanhangsel A** goedgekeur word vir doeleindes van die publieke deelnameproses;

(d) Dat, met verwysing na die voorgestelde wysigings aan die Verordening insake Eiendomsbelasting en die Eiendomsbelastingsbeleid, soos elders in die agenda voorgelê, kennis geneem en goedkeuring verleen word dat die uitfasering van gedifferensieerde belasting soos van toepassing op die sogenaamde "geografiese areas" van Jakkalsfontein, Grottobaai en Riebeek Vallei in terme van die bestaande verordening en beleid beëindig word. Dat verder dus goedkeuring verleen word dat die volle eiendomsbelastingstarief soos van toepassing op residensiële eiendomme met ingang van 1 Julie 2017 op eiendomme in voormelde areas gehef sal word, om te voldoen aan artikel 19(1)(a) van die Plaaslike Regering: Eiendomsbelastingswet, 2004 (soos gewysig), wat bepaal dat die heffing van gedifferensieerde tariewe op residensiële eiendomme verbied word, behalwe onder gespesifiseerde omstandighede;

(e) Dat 'n kennisgewing in voormelde verband uitgestuur word aan die geaffekteerde inwoners van Grottobaai, Jakkalsfontein en Riebeek Vallei om hulle in kennis te stel dat hul eiendom teen 100% van die residensiële tarief met ingang van 1 Julie 2017 gehef sal word, ten einde te voldoen aan artikel 19(1)(a) van die Plaaslike Regering: Eiendomsbelastingswet;

(f) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit in die tabelle in **Aanhangsel B**, goedgekeur word;

(g) Dat die begrotingsverwante beleide soos vervat in **Aanhangsel C**, goedgekeur word vir doeleindes van die publieke deelnameproses;

(h) Dat, bo en behalwe die inisiatiewe reeds geïmplementeer met verwysing na MFMA Omsendbrief Nr 82: *Cost Containment Measures,* kennis geneem word van die verdere pogings om uitgawes te beperk soos vermeld in **Aanhangsel D**;

(i) Dat die Raad kennis neem van die hersiening van die begrotingsverwante beleide, en meer spesifiek die wesenlike wysigings aan die Verimentbeleid as gevolg van die invloed van die mSCOA-implementering met ingang van 1 Julie 2017;

4.2/...

(j) Dat toepaslike oorsig meganismes ingestel word om besparingsmaatreëls te monitor, ten einde te voldoen aan artikel 62 en 167 van die MFMA om te verseker dat redelike stappe geneem word vir die effektiewe, doeltreffende en ekonomiese gebruik van openbare hulpbronne en in die beste belang van die plaaslike gemeenskap;

(k) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse, die pogings om die totale verhoging in uitgawes tot slegs 4,5% vanaf die huidige tot die nuwe finansiële jaar te beperk, groei in inkomste van slegs 5% in hierdie moeilike ekonomiese omstandighede vir dieselfde periode, sowel as die kontantvloei-staat vir die huidige sowel as die volgende drie finansiële jare en meer spesifiek die vordering in hierdie verband;

(i) die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **5.3 maande** vir 2017/2018; **5.2 maande** vir 2018/2019 en **5.7 maande** vir 2019/2010;
(ii) oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so ‘n aard dat die volgende bedryfsurplusse verwag word – 2017/2018 ‘n bedrag van **R17 192 117**; 2018/2019 ‘n bedrag van **R32 284 500** en 2019/2020 ‘n bedrag van **R35 002 873**;

(l) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotings-omsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(m) Dat die Raad kennis neem dat die begroting ook opgestel is in die mSCOA formaat soos vereis deur Nasionale Tesourie;

(n) Dat kennis geneem word van die voorwoord (hierby aangeheg as Aanhangsel A) van die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen en dat die algemene aanbevelings soos hierbo vermeld, na die bestuurspan verwys word vir verdere aandag;

(o) Dat ‘n werkwinkel met alle raadslede gehou sal word op Woensdag, 19 April 2017 om 14:00 om die konsep GOP en begrotings in meer detail te behandel as deel van die publieke deelnameproses.

4.3 VOORLEGGING VAN ‘N VOORLOPIGE 2017/2018 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die 2017/2018 Dienslewering- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) word deur die Uitvoerende Burgemeester aan die Raad voorgehou.

Artikel 53 van die MFMA bepaal dat die SDBIP deur die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur moet word binne 28 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting in Mei. Nieteenstaande voormelde wetlike vereiste, is ‘n versoek vanaf die Provinsiale Tesourie ontvang om ‘n konsep SDBIP reeds in Maart saam met die begrotingsdokumente aan die Raad voor te lê om ‘n meer sinvolle beoordeling van die begroting te verseker.

Die aangeleentheid word tot stemming gebring en (in die afwesigheid van drie raadslede) –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat die aangehegte 2017/2018 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) as ‘n voorlopige dokument goedgekeur word vir die doeleindes van beoordeling van die begroting deur Nasionale en Provinsiale Tesourie.

4.4 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENINGE INSAKE (1) EIENDOMSBELASTING, ASOOK EIENDOMSBELASTINGBELEID EN (2) KREDIETBEHEER- EN SKULDINVORDERING (1/1)

Die konsep verordeninge – soos oorweeg tydens ‘n Uitvoerende Burgemeesters-komiteevergadering gehou op 22 Maart 2017 – word ingevolge paragraaf 57 van die Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings aan die Raad voorgelê.

Die wysigings aan die Verordening insake Eiendomsbelasting en gepaardgaande beleid word in die verslag tot die sakelys behandel, en is grotendeels gebaseer om die wysiging van die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelastingswet, 2004.

Verder is die enkele wysigings aan die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsverordening ook in die verslag behandel.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit (in die afwesigheid van drie raadslede) beslis met veertien raadslede ten gunste daarvan, en ses raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

(a) Dat die volgende konsep verordeninge in beginsel goedgekeur word:

- Eiendomsbelastingverordening
- Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsverordening, asook Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid, ingesluit as skedule daartoe

(b) Dat, in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, sowel as paragraaf 59 van die Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings, die konsep verordeninge vir publieke kommentaar in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste vir ten minste 30 dae geadverteer word;

(c) Dat die konsep verordeninge vir finale goedkeuring op 25 Mei 2017 aan die Raad voorgelê word;

(d) Dat die konsep Eiendomsbelastingsbeleid ook in beginsel goedgekeur word en gelyklopend tot die 90-dae begroting vir publieke kommentaar in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste geadverteer word;

(e) Dat die Eiendomsbelastingbeleid op 25 Mei 2017 aan die Raad voorgelê word vir aanvaarding, om in werking te tree op die datum waarop die Verordening in werking tree.

4.5 WYSIGING VAN VOORSIENINGSKANAALBESTUURSBELEID EN VOORKEURVERKRYGINGSBELEID (8/1/B/1, 8/1/B/2)

Die Raad het, uit hoofde van artikel 111 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, ‘n Voorsieningskanaalbestuursbeleid aanvaar wat op 1 Januarie 2006 in werking getree het. Die Voorsieningskanaalbeleid moet jaarliks hersien word en, indien nodig, gewysig word.

Die Raad het in Mei 2012 'n nuwe Voorkeurverkrygingsbeleid aanvaar wat die beleid in ooreenstemming gebring het met die *Preferential Procurement Regulations, 2011*.

Die wysigings wat die MFMA-omsendbriewe te weeg gebring moet word is volledig in die verslag tot die sakelys bespreek.

Rdl D B Philander teken beswaar aan dat die Raad nie so ‘n belangrike beleid kan oorweeg as die inhoud daarvan nie deeglik met raadslede deurgewerk is nie, en stel voor dat ‘n werkwinkel vir hierdie doeleindes gereël word.

Die Speaker – met die toevoeging van rdl D B Philander se versoek as aanbeveling – bring die aanbevelings voor die Raad tot stemming en word –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl D B Philander, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

(a) Dat, op voorwaarde dat ‘n werkwinkel met alle raadslede plaasvind om die inhoud van die onderstaande beleide deur te werk, –

(i) Die voorgestelde wysigings op die Raad se *Supply Chain Management Policy*, soos voorgehou in Aanhangsel A, goedgekeur word met onmiddellike effek;

(ii) Die aangehegte *Preferential Procurement Policy* (Aanhangsel B) aanvaar en goedgekeur word met ingang van 1 April 2017 om uitvoering te gee aan die *Preferential Procurement Regulations, 2017* afgekondig kragtens die *Preferential Procurement Policy Framework Act, No. 5 van 2000*.

4.6 WYKSKOMITEES: BELASTING BETAALBAAR OP UIT-DIE-SAK UITGAWES EN GEPAARDGAANDE VERHOGING IN SITTINGSFOOI (3/4/4/B)

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het in 'n skrywe gedateer 13 April 2017 munisipaliteite in kennis gestel dat uit-die-sak uitgawes ten opsigte van wykskomitees belasbaar is teen 'n koers van 25%.

Aangesien die belastingjaar reeds op 1 Maart 2017 'n aanvang geneem het, is dit belangrik om die uit-die-sak uitgawes aan wykskomitees met onmiddellike effek te belas.

Dit is dus noodsaaklik om die vergoeding van wykskomiteelede te hersien, en is munisipaliteite in die Weskusstreek hieromtrent geraadpleeg in 'n poging om 'n eenvormige vergoedingsmodel te volg.

Dat **KENNIS GENEEM** word van die besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van 22 Maart 2017, naamlik:

(a) Dat kennis geneem word van die skrywe ontvang vanaf SARS insake die belasbaarheid van die toelaag aan wykskomiteelede;

(b) Dat goedkeuring verleen word dat die uit-die-sak uitgawes aan wykskomiteelede verhoog word met ingang van 1 Maart 2017 vanaf R200/vergadering na R350/vergadering (R350 @ 25 % (Tax) = R262.50), en vanaf R100/vergadering na R200/vergadering/kwartaal (R200 @ 25 % (Tax) = R150) vir bywoning van sektorale vergaderings, ten einde voorsiening te maak vir die 25% belasting wat met ingang van 1 Maart 2017 gehef moet word;

(d) Dat, in ag genome die vergoeding van wykskomiteelede in die Weskusstreek, goedkeuring verder verleen word om die vergoeding van wykskomiteelede te verhoog tot R500/sitting (R500 @ 25 % (Tax) = R375) en R200/kwartaallikse sitting vir sektorale vergaderings (R200.00 @ 25 % (Tax) = R150) met ingang van 1 Julie 2017;

(e) Dat die nodige besonderhede vanaf wykskomiteelede bekom word ten einde lede op die Payroll-stelsel van die Munisipaliteit te registreer.

5. ALGEMEEN

5.1 WYSIGING VAN DRAGKODE VAN RAADSLEDE

Op versoek van die Speaker –

BESLUIT

(a) Dat rdl N S Zatu, as tweede mondelingse waarskuwing, deur die Speaker aangespreek word insake die dra van 'n T-hemp na die raadsvergadering;

(b) Dat die Speaker reël, ter wysiging van die dragkode, dat slegs manlike raadslede voortaan 'n jean met netjiese hemp en skoene (seilskoene uitgesluit) na raadsvergaderings mag aantrek.

GETEKEN:
SPEAKER